DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

12 Maart 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 68: 1, 3	Sing vooraf	Ps. 134: 1, 2
Sing	Ps. 18: 1, 3	Sing	Ps. 66: 1, 7
	Ps. 61: 1, 6		Ps. 110: 1, 5
	Ps. 43: 3, 4		Ps. 40: 3, 4
	Sb. 10-2: 9, 10 (28b / 59)		
Skriflesing	Daniël 8	Skriflesing	Hebreërs 7: 1 - 28 HK Sondag 12, Vraag 31
Teks	Daniël 8: 23	Teks	Hebreërs 7: 25
Tema	Die Here gee aan sy kerk 'n blik op die eindtyd (2)	Tema	Jesus Christus – die enigste Hoëpriester
Katkisasie-opening: Psalm 116: 1, 7, 10			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Proponent AJ Burger (Andries) na Pinetown
- Ds CB Robinson (Brahm) van Walvisbaai na Cachet

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

AANSTELLING: KASSIERE

Sr. Yolandi Taljaard (082 555 3380) is aangestel as die nuwe kassiere – baie geluk!

BASAAR: WIT OLIFANTE

Aangesien daar beperkte stoorplek beskikbaar is, is daar besluit om van die items nou reeds te koop aan te bied. Indien u belangstel in 'n artikel tussen die wit olifante, kan u 'n aanbod maak by sr. Magda Groot (084 450 6166) of sr. Tillie Wüst (084 503 5552). Die hoogste aanbod sal aanvaar word. Hierdie reëling sal slegs tot einde Julie in werking wees, sodat voldoende voorraad vir die basaar opgebou kan word.

BIBLIOTEEK

Ons benodig hulp by die kerk se biblioteek met die skryf van resensies, aankoop van boeke en ander take. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak, kontak asseblief sr. Willina Cilliers (082 738 1809).

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 5:24 e.v. / Aand: Handelinge 5:31 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)

GELUKWENSING

Br. Gawie Venter (082 557 4362) en sy vrou, Cindy het hierdie week 'n verbondsdogtertjie van die Here ontvang. Sy is ook die kleindogter van sr. Judy Venter (083 421 9302). Ons dank die Here vir hierdie groot genade.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. **Vandag is die laaste geleentheid om jou naam op te skryf**. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).

Koste: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

HUISBESOEK

Wyk **Boston 2** (oudl. Piet Aucamp) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

HUWELIKSBEVESTIGING

Br. Jaco Coetsee en Nadine Koegelenberg is van voorneme om op DV 18 Maart in die huwelik te tree.

KATKISASIE

Volgende Sondag sal daar geen katkisasie wees nie.

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Susan Barnard (082 530 4572) wat in Stellenbosch Medi-Clinic opgeneem is vir toetse
- Sr. Marie du Plessis (083 244 1370) wat in 'n kliniek opgeneem is vir behandeling

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: For the continuous influx of new visitors so far in 2017 and a productive recent congregational meeting

Prayer: One person interested in RCSS is fresh out of jail and still living on the streets. Please pray that his "conversion" experience in jail would lead to baptism and membership in Christ's church

SANDJIES (2 – 6 jaar)

Die Sandjies kom DV Saterdag, 25 Maart om 10h00 by die kerk bymekaar vir ‘n kort bybelles en lekker saamspeel. Ouers is welkom om saam te kuier.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Ons is die Here dankbaar vir die wyse waarop Hy vir ons mildelik voorsien het tot op hede. Ons vra die gemeente vir verdere voorbidding vir ons kamp op 17 – 21 Maart. Verder benodig ons nog vervoer vir ongeveer 10 kinders na en van Laerskool de Waveren in Ruiterwacht en die kampterrein buite Franschhoek, asook die vuurmaakhout na die kampterrein. Skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie indien u kan help of kontak sr. Magda Groot (084 450 6166),

VERTALING VAN BYBEL IN SA GEBARETAAL

Ons het ‘n skrywe van GK Paarl ontvang oor addisionele befondsing wat benodig word vir hierdie bybelvertalingsprojek. Indien u graag ‘n bydrae wil maak, doen asseblief ‘n EFT met die verwysing Hands with Words, of plaas die kontant in ‘n gemerkte koevert in die kassiere kissie. Vir meer inligting kontak gerus die kerkkantoor.

4. SUSTERS

MAANDVERGADERING

Alle susters word hartlik uitgenooi na ons maandvergadering op **Woensdag, 15 Maart** om 19h00. Br. Hannes Koekemoer kom gesels oor sy beradingswerk in die tronk. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Kenridge** (Michell Bezuidenhout), Boston 1 (Mariët Nijeboer) en Parow-Vallei (Debbie Daling).

TEESKINKBEURTE

Vandag: Wyke **Durbanville 2** (Hilde Coetzee), Gordonsbaai (Gerry van der Walt) en Loevenstein (Debbie Joubert)

Volgende Sondag: *geen koffie & tee a.g.v. skool langnaweek*

Sondag, 26 Maart: Wyke **Glenlily** (Deléne Vrey), Blouberg (Nicolette van der Walt) en Oude Westhof (Tillie Wüst)

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: Brs. Ian Snyman, Willie Swanepoel, Albert Mulder, **Dick van der Wilt**

Volgende week: Brs. Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Herman Boneschans, Jaco Coetsee

Ouderlinge

Vandag: Brs. Piet Aucamp, Jacobus Venter, Peet van der Walt, Harm du Plessis

Volgende week: Brs. Freddie Scheepers, Gert Swanepoel, Ben van der Walt, Jakobus Wüst

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)

Vandag: Brs. André Coetzee, Reinard Visser

Volgende week: Brs. Mark Lyons, Lawrence Lombard

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen
April: 24/04 Loevenstein
Mei: 8/05 Welgemoed, 15/05 Kenridge, 29/05 Oude Westhof

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	GK Elsiesrivier	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	GKSA Sustentasiefonds	Teologiese Studentekas

RIGLYNE VIR KERKLIKE BYDRAES

Na aanleiding van navrae van lidmate rondom riglyne vir kerklike bydraes, gee die Kerkraad graag weer sy besluit van 28 Oktober 2015 weer: As algemene riglyn word gestel dat lidmate ten minste 5% van hul bruto maandelikse inkomste (na belasting maar voor enige ander aftrekkings) behoort te gee as kerklike bydrae, met ‘n verdere 5% vir kollektes en ander kerklike insamelings of projekte. Elke lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville moet hom- of haarself biddend voor die Here ten opsigte van sy/haar bydraes verantwoord.

VERGADERINGS

Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Susters
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

VERKIES TOT OUDERLING EN DIAKENS

As ouderling (vir Bellville): br. Johan Snyman
As diakens (vir Bellville): brs. Chrisjan Vrey en Jaap Weij
As diaken (vir Rondebosch): br. Lubi Ndou

6. VERJAARSDAE

Vandag	Br. Mark Lyons Sr. Sophia Thiart	082 895 9312 021 559 3059 / 083 305 0474
13/03	Br. Simon Jooste Br. Jacques Snyman	083 973 5818 079 139 2520
14/03	Danelle Boneschans (7 jaar) Br. Stefan Coetzer Br. Guillaume Gerber	021 559 1102 087 470 0000 083 660 5876
16/03	Sanri van Hoving (1 jaar)	083 642 0611
18/03	Sr. Veronica Reyneke Br. Paul Swart Br. Fanie van der Walt	021 917 1508 / 071 201 4051 021 856 0004 / 079 506 7300 021 556 7762

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za